

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA



UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Dinsdag 18 April 1978 WINDHOEK Tuesday 18 April 1978 No. 3740

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE:

No. AG. 26 Proklamasie op Aanhouding ter Voorkoming van Politieke Geweld en Intimidasie, 1978 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 17 April 1978)

No. AG. 26 1978

VOORSIENING VIR AANHOUDING VAN PERSONE TEN EINDE POLITIEKE GEWELD EN INTIMIDASIE TE VOORKOM

NADEMAAL die mense van Suidwes-Afrika/Namibië, in die uitoefening van hul onvervreembare reg op selfbeskikking en onafhanklikheid, in 'n politieke en staatkundige proses betrokke is om hierdie doelstellings op die vroegste moontlike datum te bereik;

EN NADEMAAL dit in die belang van al die inwoners van die Gebied is dat sodanige proses op 'n vreedsame, ordelike en demokratiese wyse en met inagneming van die vereistes vir openbare veiligheid, gevoer word;

EN NADEMAAL die voer van sodanige proses deur dade van geweld en intimidasie wat sluipmoord en moord op ander wyses ingesluit het, bedreig en ontwrig word;

EN NADEMAAL daar as gevolg daarvan dringende versoë tot my gerig is om doeltreffende stappe te doen om sodanige gebeurtenisse in die toekoms te voorkom

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION:

No. AG. 26 Detention for the Prevention of Political Violence and Intimidation Proclamation, 1978 1

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 17 April 1978)

No. AG. 26 1978

PROVISION FOR THE DETENTION OF PERSONS IN ORDER TO PREVENT POLITICAL VIOLENCE AND INTIMIDATION

WHEREAS the people of South West Africa/Namibia, in the exercise of their inalienable right to self-determination and independence, are engaged in a political and constitutional process to attain these goals at the earliest possible date;

AND WHEREAS it is in the interest of all the inhabitants of the Territory that such process be conducted in a peaceable, orderly and democratic manner and with due regard for the requirements of public safety;

AND WHEREAS the conduct of such process is being threatened and disrupted by acts of violence and intimidation which have included assassination and murder in other manners;

AND WHEREAS as a result thereof urgent representations have been made to me to take effective steps to prevent such occurrences in the future and to

en om die lewens en welsyn van alle persone in die Gebied gedurende die voer van voormelde proses te beskerm;

EN NADEMAAL ek oortuig is dat sodanige stappe vir die vreedsame voortsetting van die politieke en staatkundige proses noodsaaklik is en dat dit nie moontlik is om kragtens die gewone landswette sodanige proses voldoende te beveilig nie;

DERHALWE, kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal Windhoek, 17 April 1978

BYLAE

Woordomsrywings

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

- (i) "aangehoudene" iemand wat aangehou word kragtens 'n lasbrief uitgereik ingevolge artikel 2; (ii)
- (ii) "staatkundige ontwikkeling", met betrekking tot Suidwes-Afrika, die proses waardeur die mense van Suidwes-Afrika hul reg op selfbeskikking deur vrye assosiasie, bespreking, onderhandeling en besluit uitoefen ten einde 'n soewereine, onafhanklike Staat op 'n vreedsame en demokratiese wyse tot stand te bring, met inbegrip van die bevordering van, en, ingevolge wette wat te eniger tyd gemaak word, die registrasie van kiesers vir, en hou van, 'n vrye verkiesing, gegrond op 'n algemene stemreg, vir die samestelling van 'n grondwetgewende vergadering met 'n mandaat om 'n grondwet vir so 'n Staat op te stel, en voorts met inbegrip van enige verkiesing van 'n regering vir so 'n Staat ingevolge bedoelde grondwet; (i)
- (iii) "Suidwes-Afrika" die gebied Suidwes-Afrika. (iii)

Inhewtenisneming en aanhouding van sekere persone

2. (1) Indien die Administrateur-generaal oortuig is —

- (a) dat die vreedsame en ordelike staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika verhinder, belemmer of bedreig word deur geweld teen of intimidasie van, of die bedreiging of bevordering van geweld teen of intimidasie van, 'n bepaalde persoon of persone wat lede van 'n bepaalde klas, groep of organisasie is, of persone in die algemeen; en
- (b) dat iemand sodanige geweld of intimidasie gepleeg of probeer pleeg het of die pleging daarvan op enige wyse bevorder of bevorder het,

protect the lives and well-being of all persons in the Territory during the conduct of the aforesaid process;

AND WHEREAS I am convinced that such steps are essential for the peaceable continuance of the political and constitutional process and that it is not possible under the ordinary laws of the land adequately to safeguard such process;

THEREFORE, under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN

Administrator-General Windhoek, 17 April 1978

SCHEDULE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

- (i) "constitutional development", with reference to South West Africa, means the process whereby the people of South West Africa exercise their right to self-determination by free association, discussion, negotiation and decision, in order to establish a sovereign, independent State in a peaceful and democratic manner, including the promotion of, and, in terms of laws made at any time, the registration of voters for, and conducting of, a free election, based on a general franchise, for the composition of a constituent assembly with a mandate to draft a constitution for such a State, and further including any elections of a government for such a State in terms of such constitution; (ii)
- (ii) "detainee" means a person detained under a warrant issued in terms of section 2; (i)
- (iii) "South West Africa" means the territory of South West Africa. (iii)

Arrest and detention of certain persons

2. (1) If the Administrator-General is satisfied —

- (a) that the peaceful and orderly constitutional development of South West Africa is obstructed, hindered or threatened by violence against or intimidation of, or the threat or promotion of violence against or intimidation of, any particular person or persons who are members of any particular class, group or organisation, or persons generally; and
- (b) that any person committed or attempted to commit, or in any manner promotes or promoted the commission of such violence or intimidation,

kan hy 'n lasbrief vir die inhegtenisneming en aanhouding van daardie persoon uitreik.

(2) 'n Lasbrief kragtens subartikel (1) uitgereik, moet deur 'n vredesbeampte, soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), uitgevoer word, en die vredesbeampte wat bedoelde lasbrief uitvoer, doen dit ooreenkomstig die bepalings daarvan.

(3) 'n Vredesbeampte wat inligting ontvang het dat 'n lasbrief kragtens subartikel (1) vir die inhegtenisneming en aanhouding van iemand uitgereik is, kan daardie persoon onverwyld sonder 'n lasbrief in hegtenis neem, en daarop kan daardie persoon deur daardie vredesbeampte of 'n ander vredesbeampte sonder 'n lasbrief aangehou word vir 'n tydperk van hoogstens sewe dae.

Plek, voorwaardes en tydperk van aanhouding

3. (1) 'n Aangehoudene moet na sy inhegtenisneming onverwyld geneem word na en aangehou word op 'n plek in die lasbrief aangedui maar die Administrateur-generaal kan te eniger tyd gelas dat die aangehoudene na 'n ander plek oorgeplaas en daar aangehou word: Met dien verstande dat terwyl hy na bedoelde plek of bedoelde ander plek geneem word of kragtens artikel 2(3) aangehou word, hy aangehou kan word in 'n gevangenis, soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevangnisse, 1959 (Wet 8 van 1959), 'n polisieel of 'n ander plek wat die betrokke vredesbeampte geskik ag.

(2) 'n Aangehoudene word, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, aangehou onderworpe aan die voorwaardes wat die Administrateur-generaal bepaal.

(3) 'n Aangehoudene word aangehou totdat die Administrateur-generaal sy vrylating gelas.

(4) Die vrylating van 'n aangehoudene ingevolge subartikel (3) kan geskied behoudens die voorwaardes, indien daar is, wat die Administrateur-generaal skriftelik bepaal.

(5) Die Administrateur-generaal kan te eniger tyd by skriftelike kennisgewing aan 'n persoon wat ooreenkomstig subartikel (4) voorwaardelik vrygelaat is, die voorwaardes van vrylating wysig of intrek.

(6) Iemand wat 'n voorwaarde bedoel in subartikel (4) nie nakom nie, kan, tensy die Administrateur-generaal anders gelas, deur enige vredesbeampte sonder 'n lasbrief in hegtenis geneem word en deur daardie vredesbeampte of 'n ander vredesbeampte geneem word na die plek waar hy voor sy vrylating aangehou was en daarop word hy aangehou kragtens die lasbrief wat oorspronklik op hom betrekking gehad het totdat hy wettiglik vrygelaat word.

he may issue a warrant for the arrest and detention of such person.

(2) A warrant issued under subsection (1) shall be executed by a peace officer, as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), and the peace officer executing such warrant shall do so in accordance with its terms.

(3) Any peace officer who has received information that a warrant has been issued under subsection (1) for the arrest and detention of any person, may forthwith arrest such person without a warrant and thereupon such person may be detained without a warrant by that peace officer or any other peace officer for a period not exceeding seven days.

Place, conditions and period of detention

3. (1) A detainee shall after his arrest forthwith be taken to and be detained at a place indicated in the warrant, but the Administrator-General may at any time order that the detainee be removed to and detained at any other place: Provided that while he is taken to such place or such other place or is detained under section 2(3), he may be detained in any prison, as defined in section 1 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959), any police cell or any other place which the peace officer concerned may deem suitable.

(2) A detainee shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, be detained subject to the conditions determined by the Administrator-General.

(3) A detainee shall be detained until the Administrator-General orders his release.

(4) The release of a detainee in terms of subsection (3) may be subject to such conditions, if any, as the Administrator-General may determine in writing.

(5) The Administrator-General may at any time by notice in writing to a person released conditionally in accordance with subsection (4), alter or withdraw the conditions of release.

(6) Any person who fails to comply with any condition referred to in subsection (4) may, unless the Administrator-General orders otherwise, without a warrant be arrested by any peace officer and taken by that peace officer or any other peace officer to the place where he was detained before his release and thereupon he shall be detained under the warrant which originally related to him until he is lawfully released.

Regte van aangehoudene

4. (1) 'n Afskrif van 'n lasbrief bedoel in artikel 2 moet aan die aangehoudene oorhandig word ten tyde van sy inhegtenisneming of, onder die omstandighede bedoel in subartikel (3) van daardie artikel, binne sewe dae na die datum van sy inhegtenisneming.

(2) Indien 'n aangehoudene die Administrateur-generaal skriftelik versoek om aan hom die redes vir sy aanhouding en die gegewens wat die Administrateur-generaal beweeg het om die lasbrief vir sy inhegtenisneming en aanhouding uit te reik, mee te deel, dan moet die Administrateur-generaal aan die aangehoudene die redes vir sy aanhouding en soveel van daardie gegewens as wat, na sy oordeel, sonder benadeling van die openbare beleid bekend gemaak kan word, skriftelik meedeel.

(3) Die persoon in bevel van die plek waar die aangehoudene aangehou word, moet, op versoek van die aangehoudene, een van die volgende persone, naamlik, die aangehoudene se eggenote of eggenoot, kind of ouer, of, indien hy nie so 'n naasbestaande het nie, iemand anders in Suidwes-Afrika wat hy aandui, per brief gerig aan die adres deur die aangehoudene verstrekk, in kennis stel van sy aanhouding en die plek waar hy aangehou word.

(4) Die persoon in bevel van genoemde plek moet die bepalinge van subartikels (2) en (3) van hierdie artikel en die bepalinge van artikel 7 onder die aandag van die aangehoudene bring en die Administrateur-generaal skriftelik meedeel dat hy dit gedoen het.

Besoek van aangehoudene deur geneesheer

5. (1) 'n Distriksgeneesheer of, wanneer 'n distriksgeneesheer nie beskikbaar is nie, 'n geneesheer soos omskryf in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsdiensberoepes, 1974 (Wet 56 van 1974), wat aangewys is deur die landdroos van die distrik waarin die plek geleë is wat in die betrokke lasbrief aangedui is of waarnatoe die aangehoudene oorgeplaas is en waar hy aangehou word, moet die aangehoudene gereeld maar in elk geval met tussenpose van hoogstens drie dae op die betrokke plek voormeld besoek en, wanneer en vir sover die distriksgeneesheer of geneesheer dit nodig ag, die aangehoudene ondersoek en hom behandel of laat behandel, en moet onverwyld na so 'n ondersoek of behandeling skriftelik aan genoemde landdroos verslag doen oor die redes vir en die aard van die ondersoek of behandeling.

(2) 'n Geneesheer kragtens subartikel (1) aangewys, is geregtig op die vergoeding wat die Administrateur-generaal goedkeur, en ten opsigte van pligte wat 'n distriksgeneesheer ingevolge daardie subartikel verrig, kan aan hom, benewens sy gewone vergoeding as distriksgeneesheer, die vergoeding betaal word wat die Administrateur-generaal bepaal.

Rights of detainee

4. (1) A copy of a warrant referred to in section 2 shall be handed to the detainee at the time of his arrest, or, under the circumstances referred to in subsection (3) of that section, within seven days after the date of his arrest.

(2) If a detainee requests the Administrator-General in writing to furnish him with the reasons for his detention and with the information which induced the Administrator-General to issue the warrant for his arrest and detention, the Administrator-General shall furnish the detainee in writing with the reasons for his detention and as much of that information as can, in his opinion, be disclosed without detriment to public policy.

(3) The person in charge of the place where the detainee is detained, shall, at the request of the detainee, by letter sent to the address furnished by the detainee, notify one of the following persons, namely, the detainee's spouse, child or parent, or, if the detainee has no such relative, any other person in South West Africa indicated by him, of his detention and the place where he is detained.

(4) The person in charge of the said place shall bring the provisions of subsections (2) and (3) of this section and the provisions of section 7 to the notice of the detainee, and shall inform the Administrator-General in writing that he has done so.

Visiting of detainee by medical practitioner

5. (1) A district surgeon or, when a district surgeon is not available, a medical practitioner as defined in the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974), who has been designated by the magistrate of the district in which the place indicated in the relevant warrant or to which the detainee has been removed and where he is detained is situated, shall visit the detainee regularly but in any event at intervals not exceeding three days at the relevant place aforesaid, and, when and in so far as such district surgeon or medical practitioner deems it necessary, examine the detainee and treat him or cause him to be treated, and shall after any such examination or treatment forthwith report in writing the reason for and the nature of the examination or treatment to the said magistrate.

(2) A medical practitioner designated under subsection (1) shall be entitled to the remuneration approved by the Administrator-General, and in respect of duties performed by a district surgeon in terms of that subsection, he may be paid, in addition to his normal remuneration as district surgeon, such remuneration as the Administrator-General may determine.

Besoek aan aangehoudene deur landdros

6. (1) 'n Aangehoudene moet minstens eenkeer elke veertien dae besoek word deur 'n landdros, wat ondersoek moet instel na die omstandighede waaronder hy aangehou word.

(2) Die landdros moet onverwyld skriftelik verslag aan die Administrateur-generaal doen oor enige aangeleentheid, met inbegrip van enige klagte deur die aangehoudene aan hom gemaak, wat die landdros onder die aandag van die Administrateur-generaal wil bring.

Instelling van hersieningskomitee

7. (1) (a) Daar is 'n hersieningskomitee wat bestaan uit 'n regter van die Suidwes-Afrika-afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n landdros of iemand wat die amp van regter of landdros beklee het, as voorsitter, en twee ander lede, deur die Administrateur-generaal aangestel.

(b) Die Administrateur-generaal kan die aanstelling van die voorsitter of 'n ander lid te eniger tyd intrek en iemand anders in sy plek aanstel.

(c) 'n Lid van die hersieningskomitee wat nie 'n regter is nie of wat nie op 'n voltydse grondslag in diens van die Staat is nie, ontvang die vergoeding wat die Administrateur-generaal bepaal, met inbegrip van vergoeding vir reis- en verblyf-koste deur hom aangegaan in die uitvoering van sy pligte kragtens hierdie Proklamasie.

(2) 'n Aangehoudene kan skriftelike verhoë tot die Administrateur-generaal rig dat die hersieningskomitee die Administrateur-generaal se optrede ingevolge artikel 2 ten opsigte van daardie aangehoudene ondersoek, en die aangehoudene moet enige feite of inligting wat hy onder die hersieningskomitee se aandag wil bring in sodanige skriftelike verhoë uiteensit.

(3) Die Administrateur-generaal lê onverwyld die verhoë bedoel in subartikel (2) aan die hersieningskomitee voor, tesame met al die gegewens wat die Administrateur-generaal beweeg het om die lasbrief bedoel in artikel 2 ten opsigte van die betrokke aangehoudene uit te reik, en daarna ondersoek die hersieningskomitee op die wyse wat hy goedvind onverwyld die optrede van die Administrateur-generaal kragtens artikel 2 ten opsigte van daardie aangehoudene.

(4) (a) Niemand mag die verrigtinge van die hersieningskomitee bywoon nie, behalwe iemand in diens van die Staat wie se teenwoordigheid deur die voorsitter as noodsaaklik beskou word.

Visiting of detainee by magistrate

6. (1) A detainee shall be visited at least once every fortnight by a magistrate, who shall inquire into the circumstances under which he is detained.

(2) The magistrate shall forthwith report in writing to the Administrator-General on any matter, including any complaint made to him by a detainee, which the magistrate wishes to bring to the notice of the Administrator-General.

Institution of review committee

7. (1) (a) There shall be a review committee, consisting of a judge of the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa or a magistrate or any person who held office as judge or magistrate, as chairman, and two other members, appointed by the Administrator-General.

(b) The Administrator-General may at any time withdraw the appointment of the chairman or any other member and appoint any other person in his place.

(c) A member of the review committee who is not a judge or is not in the service of the State on a permanent basis, shall receive the remuneration determined by the Administrator-General, including reimbursement for travelling and subsistence expenses incurred by him in the performance of his duties under this Proclamation.

(2) A detainee may make written representations to the Administrator-General to have the Administrator-General's action in terms of section 2 in respect of that detainee investigated by the review committee, and the detainee shall state in such written representations any facts or information which he may wish to bring to the notice of the review committee.

(3) The Administrator-General shall forthwith lay the representations referred to in subsection (2) before the review committee, together with all the information which induced the Administrator-General to issue the warrant referred to in section 2 in respect of the detainee concerned, and thereafter the review committee shall forthwith investigate, in such manner as it deems fit, the Administrator-General's action under section 2 in respect of that detainee.

(4) (a) No person, other than a person in the service of the State whose presence is considered necessary by the chairman, shall attend the proceedings of the review committee.

- (b) Die hersieningskomitee se beraadslagings word nie openbaar nie.
- (c) Niemand het die reg van insae in enige oorkonde van die hersieningskomitee nie, behalwe iemand in diens van die Staat terwyl hy sy amptelike werksaamhede verrig.
- (d) Geen gereghof is bevoeg om uitspraak te doen oor die werksaamhede of aanbevelings van die hersieningskomitee nie.

(5) Na afloop van 'n ondersoek kragtens hierdie artikel doen die hersieningskomitee die aanbeveling wat hy goedgevind aan die Administrateur-generaal, wat die betrokke aangehoudene so gou doenlik van die inhoud van sodanige aanbeveling en van sy besluit met betrekking tot daardie aanbeveling skriftelik in kennis stel.

(6) Die Administrateur-generaal is nie verplig om aan 'n aanbeveling van die hersieningskomitee gevolg te gee nie.

Kort titel

8. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op Aanhouding ter Voorkoming van Politieke Geweld en Intimidasie, 1978.

- (b) The review committee's deliberations shall not be disclosed.
- (c) No person, other than a person in the service of the State while performing his official functions, shall have the right to inspect any records of the review committee.
- (d) No court of law shall have jurisdiction to pronounce upon the functions or recommendations of the review committee.

(5) After an investigation under this section the review committee shall make such recommendation as it deems fit to the Administrator-General, who shall as soon as possible notify the detainee concerned in writing of the contents of such recommendation, and of his decision relating to that recommendation.

(6) The Administrator-General need not give effect to any recommendation of the review committee.

Short title

8. This Proclamation shall be called the Detention for the Prevention of Political Violence and Intimidation Proclamation, 1978.